Toe kom in Europa zo een klomp geel bles beeste, banja mager, zo gelyk uit en dit lyk of hulle wil hierheen kom.

13 Feb.

Toe kom in Europa zo een klomp swart bles beeste, banja mager, zo gelyk uit en hulle trek naar die Zuide Weste toe.

16 Feb

In die Weste kant staan hoge gras zo als op oulande en naderhand is daar een paaitje en toe kom daar een groot swart vark in die paadje aan gestap hierheen.

Toe is die koren rýp aan die Noorde toe gaan die korreltjies uit die aar laat net die strooi alleen daar staan.

22 Feb.

Toe kom van die Weste een helder stroom water en Nicolaas is in die water met een zilwertang in sy hand en die Ou vrouw is langs die water en sy trek een nuwe bruin rok aan. Toe kom hier in die Weste groot troste druiven uit. In die Noorde kant is een klomp zuiker boontjies zo op een klomp en naderhand gaan hulle zo uit mekaar.

25 Feb.

Toe gaan lang boontje peulen naar die Weste. En die helder licht wat ek vir negentien jaren terug in Europa gezien het kom helder uit weer in die Noorde.

1 Maart.

Die Engelse loop naar die Weste en hulle dra die roer op die skouder. Toe is ek langs een groot wit huis en daar is banja mense aan die Ooste kant van die huis maar hulle is sonder hoeden.

Toe kom in die Ooste kant die licht uit wat daar in die drie Jarige oorlog uitgekom het maar daar is net of daar enkele wolkies voor is want hy is nie heelmaal helder. By Pretoria is een klomp perzik boomtjies en die boomtjies raak weg dat die een kaal plek is soos een vloer. In Europa le een groot swart slang opgerol.

5 Maart

Aan die Noorde kant is Zuiker boonkies en die boontjies word mielies.

Toe is by Pretoria jong mielies en hulle verander in Spring bokke en gaan in hoge gras.

6

Toe is daar weer jong mielies, en die gee zaad. Toe kom daar vuile goed en die neem die mielies in. Toe kom hulle in een beweging en raak weg; toe lê daar een mens se geraamte.

10 Maart.

Toe is daar weer jong mielies en dit lyk toe net of hulle zo een draai gee en af kom hierheen. Toe is daar een vloer en op die vloer lê gewaste grond.

15 Maart

Toe is daar in Europa wit rug beeste hulle wei zo na die Noorde als beeste wat dood gerus is.

22 Maart

Toe hol in Europa varke uit mekaar en die meeste hol naar die Noorde.

Toe kom die Springbokke uit D.W.Z.A en trek naar die Ooste.

Duits Oost ze beeste en wit bokke raak weg dat daar niks oorblý (Skoon land).

24 Maart

Die Unie kry een bleek gezicht van drogte. In Europa is een groot zeep pot en daar is gaar bloed in toe loop die pot oor en die aarde kri zo een gezicht.

26 Maart

Toe is hier onder in die Weste kant klomp boer boontjes deurmekaar dis wittes en bontes, maar hulle lewwe.

4 April

In Europa kom drie zekels achter mekaar uit en hulle pak op mekaar dat dit net een is.

Toe trek daar waans van die Noorde naar die Ooste: die geaardheid van die waans is Turkse waans, maar hulle is nieuw en het zeils oor.

6 April (1919)

In Europa kom vir my popelier bome in die gezicht; toe in die Unie ook.

Toe kom uit die Weste een Zulu beest, hy kom naar die Unie.

Toe staan ek voor een wit huis wat net klaar gemaak is.

In Europa is banja klein garen boompjes wat verniel is. Die groot bome is een laning en hulle verdroog en gaan naar die Noord Weste.

10 April.

In die Ooste van Europa is twee beeste een schilder en een rooi een en net toe hulle wou beklei raak die rooie weg.

Toe brand een hout vuur in die Ooste van Europa.

16 April.

In die Noorde kom zwart beeste uit tussen bergen in die Unie.

Toe is in die Ooste ook zwart beeste.

In die Zuide jaag een klein seun varke naar die weste en toe word dit scheemer en toe raak hulle weg. Toe is daar een kraal en daar kom zwart beeste uit, maar die beeste draai weer om in die kraal in.

20 April.

Ek is tussen vier mure, maar die dak is afgewaai en die donker zak toe.

25 April

In Europa is een blauw steen tussen twee houten en toe dit weg raak toe is daar een groot gebou en hy raak ook weg laat daar niks is.

5 Mei.

Hier kom twee mense die een het grys klere aan en toe hulle terug gaan het die een wat die grys klere aan het een patroon band om wat vol patronen is en toe is die hele wereld in die Ooste net patronen.

9 Mei

In die Unie kom wans by mekaar wat hout op het; en toe dit weg raak is die hele wereld pik zwart, net of hy afgebrand is.

In die Kaap is een paal en een slachter mes kloof en stuk af.

11 Mei

Toe zaag die zaag een hout in die Unie aan twee en toe is dit een populier hout.

15 Mei.

Engelse wans trek van die Weste naar Johannesburg. Toe kom in die Noorde een vrouw mens uit zy het blauw oge en haar kleed is tussen wit en blauw. net toe zy weg raak, gaan ek naar die Westen. Toe is hier een draad kamp en die hoenders hol onder die draad deur hier heen.

Toe is twee hoenders achter mekaar een gryse en een zwarte, die zwarte is achter en die gryse hol in die draad kamp in.

Toe is by my een zak met wit boontjes, en ek steek my hand in die boontjes en gooi dit uit.

18 Mei.

Die Engelse vlag kom my hoog in die gesicht als een zonneskerm. en toe raak die zonneskerm weg en die paal

maar net pennen blý staan in die grond.

In die Kaap is drie ziwwe op mekaar (een eindje bo mekaar) en toe die ziwwe weg raak is daar schoon koren in een zak.

Toe is aan die Noord Ooste kant een zak met koren, maar daar is nog kaf tussen in, en toe die koren weg raak is daar een hand en ek kyk in die holte van die hand. Toe die hand weg raak was dit net so als een slag wat in my kop slaan. (van een geweer)

24 Mei 1919

Aan die Ooste kant in die Unie staan een wit paard, in't eerst kon hy nie staan nie sy knie was slap, maar naderhand staat hy reg op en toe kry hy swart kolle, toe is hy swart bont.

Toe is hier swart baster skape en Mof skape deurmekaar en toe trek bruin baster skape naar die Ooste en die Mof skape naar die Weste.

Toe is die Dag aan die Ooste rood gebreek.

5 Junie Toe leg langs my een wit vark wat oop gesny is.

Toe staan twee blaww perre aan een wa vast Ver in die Weste in Europa kom vierperre karre om een randje die perre is blaww

N.B.

10 Junie

Een hand op skoon geel papier maak met een pot lood twee nulletjes

Toe is ek in een lege huis en die deur gaan oop en ek gaan uit toe kom ek in een ander huis in en deur die venster is dit helder lig.

Toe kom in Europa een wit dame's hoed uit.

30 Junie

In Europa is wit Springbokke en hulle word mense en trek naar die Zuide en toe draai hulle reg West.

Toe is ek in een groot huis en weg raak die mure en daar kom die zon op.

6 Julie

In Europa leg een wit vark wat skoon gemaak gemaak is en een hand haal die binnegoed uit.

Die gras word swart en raak aan die brand, maar gaan vanzelf weer dood.

Ver in Europa is een donkerrood bul in die Skemerte en kyk naar die Noorde Kant.

N.B.

8 Julie

Toe staan ek op my kierre en onderaan die kierre spring een bloed aardje oop, en die bloed loop op die grond en op my veldskoën. Toe gaan een zinkplaat van die balk af, en toe zien ek die lug. Toe gaan die zinkplaat weer op die balk en toe is die huis z'n mure hoog.

11 Julie

In die Noord Ooste is een vloer en toe kom daar een zif op die vloer en toe raak die kafferskooren ze kaf weg, en toe kom daar weer een zif op die vloer.

In die Ooste is een klei gat wat as in is en swart varke staan daar in en vroetel.

Toe die varke weg raak toe is dit net of die wereld een draai gee, en toe is dit zo ver als ek kan zien gelýk geg en los beeste loop naar die Zuide.

Toe maak die aarde weer een verandering en toe is dit naar die Ooste een mis werf waar skape geslaap het.

15 Julie

Toe kom mense die zelfde richting uit met grawwe achter hulle ruggen en toe hulle aan werk gaan toe is daar een groot vloer.

16 Julie

Toe kom ver in die Noorde in Europa een groot dam in gezich

18 Julie

In Europa kom blink zekels uit en trek naar Weste Toe kom daar weer rooi osse uit.

Toe die osse uit kom toe rol komberse op. Toe slaat een denamiet rook ver uit en stukke hout trek in die rook.

26 Julie

Toe leg langs my 'n vark wat open gesn̄ is.

Toe is in Europa wit Springbokke en voorste word mense en trek weg naar die Weste.

4 Aug.

In die Ooste is die gras hoog en raak aan de brand In die Unie staat 'n pot en onder is vuur die Vuur is van die Weste Maar die vuur raak dood. In die K.P. staan 'n zeepot wat toe is, en 'n hand vat 'n pot en zet die bo op en toe is die koffie klaar gebrand wat daar in was.

15 Aug.

Mense gaat met zwart klere naar die Ooste.

Toe hang hier na aan m̄ 'n groot vark wat skoon gemaak is aan 'n hak.

Die haver is aan die Ooste kant r̄p en afgesn̄ en ek en nog een bind die gerwwe.

Aan die Noorde is die Koring r̄p en die mense staat in die koren en s̄ en Opbind.

1 Sept.

Toe staan hier 'n groot pot en onder die pot is 'n groot vuur van die Noorde, maar die vuur raak nie dood nie.

5 Sept

Toe gaan ek in die Noorde kant op en 'n blauw voël kom van die Weste voor m̄ in die pad en toe verander h̄ in een duif die in die pot loop.

10 Sept

Toe r̄ Engelse waan van die Noorde naar die Zuide kant toe.

Toe is in die Unie 'n draad kamp en die vrouw mense kruip deur die draad in die kamp in.

Naar die Weste gaan 'n oop pad en in die pad lê 'n boere veldskoën.

15 Sept

Die gras staat hoog groen in die kamp, toe verdroog die gras en toe is daar rinkhals honde en die kruip in een gat.

Mense gaan te paard van die Ooste naar Weste met die vierkleur vlaë tussen hulle en is rooi vlaggies ook.

16 Sept

Toe kom ek in een ou kamertje en die vloer is van los mierehoop in die Noorde kant van die kamer leg zinkplate en die lig op en onder lê banja boere leeste.

In Europa str̄k net één wit rug beest weg (belang aan die Amerikaners) In die Weste kom 'n wit gordyn uit bo is kant aan en onder is h̄ wit.

20 Sept.

Die bokke en skape staat deur mekaar, maar die bokke staan vier voet b̄ mekaar.

21 Sept. In Europa kom wit varkke naar 'n pannetje maar daar is nie water in nie. Toe is daar ou gedaantes van mense wat naken is Toe is voor die mense een ou putje en die kant wat naar hulle kant is, is hoger en die water word geel.

Toe leg daar 'n zak en op hom leg geel boontjes en toe is daar onder zakke en die gaan ook oop en daar is ook geel boontjes in.

25 Sept.

Toe kom stukke bruin duitse zis van die Weste kant naar Zuid.

Ver in Europa in die Noorde staan 'n vrouw met 'n rooi rok en voor haar leg 'n zak met geel boontjes

29 Sept.

In Europa staat 'n winkel maar daar is nie mense in nie, en daar vlug mense met waëns wat rommelr̄ op is naar

die Noorde.

In die Noorde Weste in Europa kom banja wit rug osse uit en toe die osse weg raak, hardloop klein kaffertjes wat nake is naa die Noorde

2 Oct.

Toe trek blaauw beste en kaffers in die Noord Weste kant naa die Noorde.

3 Oct.

Vlug die Engelse wâans achter een ou muur uit naa die Weste.

4 Oct.

In Europa in die Weste is die wereld omgeploeg en aan een kant is die gras hoog. Die gras word zwart en toe brand daar 'n groot vuur. Toe is daar 'n dorp en toe gaan vrouwe mense naa die Noorde, wat zwart aangetrek is, maar hulle hardloop.

Die ou vrouwe is in een skaap kraal en van die kinders melk 'n ou mof koei.

10 Oct.

In die Weste in die Unie daar leg banja spÿkers op.

Toe kom daar nuwe veldskoene uit. Een veldskoene z'n punt is nog nie klaar nie.

15 Oct

In Europa staan 'n man bietje bruin van kleur in zÿn gezicht met sy hande oop.

Toe draai een geel wiel en 'n zaag blÿ op hom in aan die Z.W. kant is hÿ op gewiggeld.

Toe kom 'n blaauw wiel uit en toe hÿ rol is dit of hÿ kantel en die speke los is maar toe rol hÿ recht uit.

20 Oct.

Toe gaan ek naa die Zuide kant en die hele aarde is Zwart.

In die Unie kom een vrouwe mens z'n hoed uit wat gemaak is van lint en kant. En toe hÿ uit is toe is dit zo 'n groot kant dink.

21 Oct.

Toe kÿk 'n vrouwe met blaauw ogen vir mÿ.

1 Nov 1919.

Toe staan in die ooste kant 'n man met bruin klere.

10 Nov.

In die Ooste kant is een wiel en 'n band. die band was eerste klein maar naderhand is daar twee bande wat te groot is.

Toe kom in Europa 'n motorwiel uit, en daar is twee bande, maar hulle is albei te 'groot.

15 Nov.

Toe kom in Europa zwart wit rug osse wat in gespan is, in die Zuide.

Toe kom rooi osse wat in gespan is naa die Ooste en voor trek 'n koei, en langs die osse loop 'n bul en die kleur van die bul is geel vaal.

Toe kom rooi osse in die oooste kant uit en trek naa die Noorde, en kÿk almal naa die Weste kant.

17 Nov.

In die Ooste is 'n ou huis van zif draad en daar in is twee bande, maar hulle raak naderhand weg.

28 Nov 1919.

Toe kom in die Weste in Europa twee bande van zelve uit en toe is daar twee ploegen wat ploë.

1 Dec. 1919.

In die Weste van Europa is 'n stof gerÿde pad en daar in gaan 'n kar met vier perde, en die hot voor perd is zo 'n ou vaale, hÿ steek vas en kruip achter uit en uit, uit die tuig uit is hÿ en weg draf hÿ als 'n vet blaauw perd.

Toe kom bulle uit en kÿk naa die Weste, en tussen hulle is 'n vet groot rooi bul. Toe word hÿ maa en klein en

raak weg.

Toe trek springbokke van Weste naar die Ooste.

7 Dec.

Toe is die gras hier banja hoog en die mof skape kom van die Ooste naar die Weste.

Toe kom 'n man in die gezicht wat op 'n wâ staan net in een broek en hemp.

Toe trek die bokke (wit) in die Ooste by mekaar.

Toe staan in Europa in die Noorde twee dichte lanings bome en hulle hang vol wit kant.

Toe die bome weg raak toe is dit 'n straat en hy loop helder water naar die Weste.

20 Dec.

Toe staan daar 'n laning garenbome in Europa van Weste naar Ooste en hulle groei geweldig en word hoog, maar naderhand verdroog hulle en raak weg Toe is aan die Ooste 'n laning garenbome en hulle groei vinnig maar verdroog en raak weg. Toe kom in die Unie twee vrouwe uit 'n boere vrouw en 'n engelse vrouw en hulle kyk naar die Weste. Maar die Engelse vrouw spoeg danig banja.

1 Dec.

Toe loop in Europa 'n duitser , hy het 'n wit boordje om en blauw klere aan.

Toe trek waans zonder tente

Toe is daar weer duiters en dis net of hulle achter uit kom.

Toe hulle weg raak kom 'n groot man met blauw klere en hy kyk naar die Zuide.

22 Dec. 1919.

Toe is daar 'n sker op 'n skaap en die sker skeer die skaap, maar die skaap loop en toe is die sker op die skaap ze nek en toe veranderd dit in een engelse man ze hand en gezicht.

Toe is die selfde sker weer op een vark eers skeer hy die vark, maar naderhand is hy in die vlys. Toe is ek by die vark en ek sny zo 'n moot spek uit.

1920

5 Jan.

In Europa staan 'n vet blauw perd en toe die perd weg raak is daar 'n lap bosse en een groot geel steen leg op 'n blok en val van die blok in een bak.

26 Jan

Een vrouwe persoon zit een stuk aan mekaar gedrukte vygen op my hand en toe word dit een borstel Toe staan in die N.O perzikbomen en hulle verander aan eyers bome. Toe is daar een klomp mense mans en vrouwe en ek is tussen hulle, en ek het 'n tros druiven in my hand en pluk af en eet Toe kom daar 'n ander vrouw en zy groet my.

28 Jan.

Toe kom ver in die Ooste een roer uit en hy kom zo naby dat ek in zy bek kan zien.

Toe kom een vrouw met een koppie en piering naar my en in die koppie is wit lekkergoed.

1 Feb

Toe kom van Weste een vrouw met melk kummikie op 'n pijering en die kummikie is vol zuiker, naar my. Toe is ek in die Weste in een huis en toe gaan ek achter uit toe val die achterste stuk muur weg toe is daar 'n lang muur en hy word zwart en die aarde ook

10 Feb.1920

Ek is langs 'n modder sloot in Europa, naderhand is ek in die sloot en toe is ek op 'n brug; in die brug val gate, en uit die gater kom blauw bale goed.

15 Feb

In Europa is blauw osse wat in gespan is en hulle span van zelf uit.

1 Maart

Trek Engelse waans in Europa van Zuid naar Oost.

20 April

In Europa trek klein wit rug osse voor wâans, toe raak dit alles weg. Naderhand kom die osse weer uit en toe is dit groot vet osse, en die wereld word swart voor hulle.

25 April

Die dag breek in die Ooste kant en toe kom daar swart wolke uit in die Ooste kant.

In Europa is 'n klomp geel slangê deur mekaar en naderhand kom hulle koppe uit naar bô.

26 April

In Europa is vrouwe mense wat swart aangetrek is en skraal van figuur en so verwild in hul gezichte.

Toe kom die Duitse vrouwe mense weer uit en netjes aangetrek met blouwe klere en wit roze op hul hoede.

2 Mei.

In die selfde richting wat die slangê geweest het is toe een geweldige vuur onder een wilgerboom. Ek en Nicolaas staan met dubbel loop haal gewere en mik op Johannesburg.

Toe kom banja mofskape af van Johannesburg se kant.

Toe staan aan die Weste kant 'n klip huis en die voorste stuk se zink is af en die deur is uit.

31 Mei.

Gaan een geel slang in hoge gras na die Zuide, toe raak die slang weg en toe leg die sleepsel oop.

Toe kom een blouwe steen in gezicht in Europa wat fyn is. Toe die Blouwe steen weg raak toe kom daar een gele en die is banja grof.

In die weste kant kom ek voor een huis en twee deure staat oop en een leeuw brul statig in die huis en toe word dit een lang rý huise.

10 Junie

(N.B / B.)

(zie verzyde)

Toe staan in Europa een skiller bees en hy draai in die ronte, en verander in een wit vark en toe in een wit hond en raak weg.

Toe trek die Engelse waans na die Zuide kant toe.

15 Junie

Die gras is banja hoog in Europa en die spring bokke loop in die hooftgras. Toe kom die Engelse waans uit en daar trek bont perre voor, toe veranderd die perre in blouwe perre.

Bý die waan loop mense en daar is een groot man met een vaal jas toe gaan zy jas oop en hy het een bruin pak klere aan met blink knope.

1920

21 Junie

Trek waan van die Ooste kant naar die Zuide kant en daar loop los rooi osse by.

10 Julie

Aan die Weste staan twee potte wat vuur onder is (teken van revolusie). toe kom in die Ooste kant rooi skiller osse uit en toe trek naar die Ooste Waans met swart osse.

15 Julie

Mý ou draags hoed is aan die zuide kant en hy word splinter nuwe.

28 Julie

Toe staan in die Weste kant een tafel met groot geel rooster koeke op en ek staan langs die tafel en sný vir mý een stuk wors af en eet.

5 Aug.

Aan die Ooste van Europa is die gras aan die brand die vlam slaat hoog uit, toe dit weg raak is die wereld zoos een lang wat glyk geëg is.
Toe zien ek een put met een paar houtje bo oor en in die put is een bont vark en die vark staat en kyk zoals een vrak wat nie kan uit nie.

(1920)

10 Junie

Ek staan in die Weste in Europa en my hande is al twee vol bloed.

6 Aug.

Ek sien een vark en een man staan in die Weste van Europa en die man vat die vark om sy bene en die vark val op sy rug en lyk morsdood.

6 Sept.

In die Kaap Kolonie leg die koren tussen die kaf en die een man gooi dit met een gaffel skoon en toe gaan die skoon koren eenkant toe.

Met die geleentheid toe lêg daar haver ook in die kaf en die wind waai dit skoon.

In Johannesburg leg een plaat skoon haver en in die middel zit een vrouw

8 Sept

In Europa trek blaww wâans naar die Ooste kant. Geel wâans wat leeg is trek van die Ooste naar die Weste kant toe. In Europa in die Ooste zit een man op een zwart perd en hy ry na een rivier, toe hy in die water kom raak hy weg. In die Weste van Europa kom een blaww vlag uit In Pretoria staat een tafel gedek en daar is pudding op.

12 Sept.

In Europa kom een geel Spiter en toe die spiter stil staat kom een rooi wit rug onder hom uit en gooi hom om.

Toe staat die beest daar maar die Spiter is verdwyn.

In Europa is een bruin hout en een mes met 'n skurwe hef sny hom aan stuk.

13 Sept.

In die Kolonie kom twee mausers by mekaar uit.

Toe kom een groot pot uit en die pot is onluste

20 Sept.

Die mof skape beweeg naar die noorde en toe kom karre zonder tente van die noorde en ek staan voor. Die vrouw mense klip op leere op en is bruin aangetrek.

ek gaan schierlik af naar die Weste en Weerskante van my is een man.

1920

23 Sept

Ek gaan naar die Noorde en kom teen een hoge val uit en dit is toe een damwal en het was 'n bietje lig; toe ek by die straat klippe kom is daar min water in en een groot vogel langs die water en daar kom een klein vogelte van die Weste af en die grote sluk die kleintje in. = (Engelse - Amerikaner)

1 Now.

Die kafferkoren are by Pretoria kom in bruin grond en toe word die are bruin klippe.

5 Now.

Ek gaan naar die Weste en kom by een stasie uit en daar staan een trein met 'n lang ry trokke aan en vertrek naar Buluwayo, toe gaan ek verder en kom by wit kalk klippe uit en die brand skyn groen.

10 Now.

In die Vrystaat staat een huisje met een grasdak en die gras vermuf. = Dis Gen. Smuts se vereniging.

13 Nov.

Dit word lig die mist raak weg en een ope en gelyke pad gaan oop naar die Ooste toe kom daar brede planke uit en dit is die begravenis van die Staten Bond. ≡

21 ste Now.

Ek gaan naar die noorde en oor die pad is draad gespan en een vrouw ze hand maak die draad los en ek gaan verder toe staan die brand prachtig groen en enkele mense hardloop om 'n kop.
Toe kom my ou Bybel voor my in gezicht.

1920

10 Dec.

In die Noorde kom die skape na mekaar toe en toe word die skape wit rug beeste.

In die Weste kant is en ashoop en een wit perd wat gespan is, kom oor die ashoop en toe is die perd los en die jong mense hardloop naar die plek waar die wit rug beeste is.

12 Dec.

In die Zuid Weste is een dam wal wat laag is en daar is bietje water in en gras en die makouw vóols hardloop daar in en die water word al meer en meer.

18 Dec

Ver in die Noorde in Europa is inge spande wit rug osse en hulle kom af maar draai weer terug; hulle horens is skerp en lyk vaal achtig.

Toe kom waans met rooi osse naar die Zuide kant.

10 Jan 1921.

Kom een koelie met een wit papiertje op sy hand en zêh aan my ek moet Lukas 15 vers 1 daarop zit.

Toe trek waans met wit rug osse naar die Ooste

15 Jan 21.

Toe kom ek in een huis wat ze muur binne van bruin plamk is, daar is een knoppie en lans die knoppie kom een ronde ding uit en toe gaan hy oop toe is die een wit papier.

Toe hoor ek "Die geroep van die volk gaat op tot God: Die aarde beef".

Toe zien ek een klein koellie en toe staat hy op, toe word dit een groot koelie.

8 Feb.

Banja skoene spykers leg op die grond en ek het een hand vol geroeste in my hand.

En nieuwe veld skoene.

----- , -----

10 Feb.

Bokant myne hoof was zo een vaal ding gelyk op een tent en toe word dit in die Vrystaat ze kant lig en daar kom die Vrystaatst vlag uit en die wingerd wat droog is, bot en gee groen blare.

14 Feb

Aan die Noorde kant zit een mans persoon met een wit borshemp aan en zak achter oor en val toe is hy een vrouw en raak weg. Toe is die vaal volk (of tent) hoog in die lug en die Engelse vlag onder hom. Ver in die Ooste kom een Engels man in gezicht maar hy leg op zy rug met die blink sterre op zy baatje.

In Europa staat dichte Wilgerbome en toe word die bome eiler en achter die bome staat toe een blauw skoene kop bees en is gekniehalter. toe gaan die knie halter los en af en toe word die bees vet en kry horings.

18 de Feb.

In Europa is een groot boom wat omval en een zaag zaag op zy stam.

20ste Feb.

In Europa is banja geel karretjes by mekaar en hulle spat uit mekaar en daar is nie perre voor nie. Daar is mense mat geel kamaste by hulle.

1 Maart.

In Europa trek waans met wit rug osse voor en daar is een klein zeuntje voor.

Toe is daar rooi beeste met twee wit rug voor osse en daar is een kaffertje voor hulle

24ste April

Toe trek een span osse naar die Zuide een achter hulle is een lang ketting touw en een bobejaan het die touw om die nek.

Die Engelse waans trek weer die groot Rivier terug

5de Mei

In die Ooste staan een huis en een vrouw hol uit die huis.

Toe is daar een klein gaatje en die zweept gaat in die gaatje in.

Toe is daar donkies voor een geel kar en gaan deur een modder vlei en naderhand is dit een lang span ezels voor een wa en die wa is gebriek maar die ezels trek die wa deur.

10 Mei

Kom daar een geel wa uit Johannesburg en toe kom daar een geel zif uit die wa.

15 Mei

Die mielies staan eil in die unie en lyk van die zon verbrand. In Europa is twee tronke vol troeppe op 'n afdraand en die twee tronke trek na mekaar en raak weg, toe staan daar lae bosse Toe is daar geel waans met wit zeil en trek van west naar Ooste

Toe kom een zif van Weste naar Zuide kant.

18 Mei.

In die K.P. is groot korenmeidde wat afgesny is

1 Junie

In Masus (Basutuland) se land trek wit bokke naar die Zuide.

Toe kom ek by 'n groot zink huis maar hy is leeg en toe by 'n winkel vol goederen maar nie mense nie.

10 Junie

Daar is in Europa 'n dwars hout en een man hang aan sy twee hande aan die hout en sy hande raak los en val in een vaatje en raak weg. Toe kom 3 klauwvogels en gaan zit in groen bossie.

22ste Junie.

In Europa in die Noorde is koppe wereld en is swart toe word die wereld hier by ons ook swart In die Vrystaat leg 'n bruin slang opgerol hy lyk lank maar nie dik nie.

Toe loop ek naar Johannesburg se kant in een voor wit geel water in in naderhande kom twee ...t varke om een hoek en schrik vir my en hol terug ek loop nog in die voor en kom in een groot huis waar nie mense in is nie, maar daar is kaste aan die kaste is lyne en die trek die kaste op.

2 Julie

In die Noorde (waar die vrouw gestaan gestaan het daar leg kole en op die kole leg 'n gebraaide ribbe en nog vlees langsaan. En die pad gaan oop naar die Noorde.

15 Julie 21

In Die ooste kant leg die koren gerwe op mekaar maar daar is nie korrels in die aar nie. Die haver gerwe leg ook op 'n hoop.

20 Julie.

Naar die Noorde lê die wit mielies so enkel gezaai. Ver in die Noorde kom Onweer uit en 'n skotel mielies kom op die tafel wat nie reg gemaak is nie.

4 Aug.

'n groot Bont perd staan langs my Twee wit stene draai teun mekaar en die een aan die Ooste kant draai in die ander een in dat dit net een steen is.

10 Aug

Staan 'n groot huis en dit is so skermer Toe raak die huis weg daat dit net die fondament oorbly.

Toe gaan ek in 'n skermering in een pad naar die Noorde ek kom naderhand op 'n steil damwal uit met 'n touw in my hand

11 Sept

Die engelse trek in Europa naar die Ooste en naderhand is hulle spring bokke en gaan die bult oor.

Noorde van die Unie in gezicht. Toe is dit net ezels waans wat naar die Zuide trek

15 Sept

Dis is banja donker en die varke hardloop naar Johannesburg ze kant daar is draad. Toe word dit licht maar die aarde is pik swart.

20 Sept

Naar die Noorde is 'n zif so 'n paar voet bokant die aarde is. Toe kom een gemetzelde stroom water van die Weste, maar die water is bruin en die water spat op my veldskoene ek staan langs die water

1 Oct.21.

In Europa leg 'n vark en 'n zak is oor hom net sy kop kom uit.

10 Oct.

Kom in Europa een papier met kleine letters, en 'n pot lood met 'n hand trek blomme en trek 'n streep daar deur.

To kom 'n span in gespande osse maar vaal osse tussen uit en die

Vaal osse belang aan Duitsland.

Toe kom 'n appel-blauw perd in Europa uit wat banja vet is.

26 Oct.

Die wit vark kom nu weer in gezicht en 'n mens krap die hare af maar die nerf bly op die vark (zoals 'n vark wat vast gebrand het) Die wereld word hier by ons swart.

10 Now.

Die mist trek oop en toe staan die wa klaar gelaai met die gerfven Toe leg die gerwwe langs die vloer en die vloer word schoon. In die Verre Noorde is klein wolkies en hulle gee pad van mekaar en die zon schyn helder.

In die Noorde kant in die lucht is een galery en op die galery is zoos die beschrýving van die tabernakel met die goude kandelaren en achter die galery kom een menige kinders uit en kom af naar die Zuide Die kinnars is almal wit aangetrek met blauw oge en voor aan was 2 zuters en nicht en uit die schaar kom (leeftýd van 10 jare) "Deze is het, die hun levengegeven heb tot een prooi. En ze komen om te delen in de vreugde van hun medevroers en zusters".

20 Nov.1921

Die koren word ryp aan die noorde kant. Naar die Weste kant is koren vol in die are

1 Dec.

In Europa kom 'n groot kom in gezicht en daar is vark wors in. Toe is daar 'n skottel water en uit die water kom 'n gekapte kop Toe kom 'n swart manel uit.

10 Dec.

Die af gesny de koren word losse aan gedra. Te Johannes burg kom mielies in gezicht maar verdro en raak weg tussen in is koren stoppels

[**Deel 3** (dokument 07/988/3 van Lichtenburg Museum) bevat die visioene van Siener Nicolaas van Rensburg soos met die hand opgeteken deur sy dogter, Anna Badenhorst, vir die tydperk:

6 Januarie 1923 - 16 Januarie 1926

Die visioene word aangegee net soos dit opgeskryf staan, en geen spel- en taalfoute is gekorrigeer nie - Kurator]

Ek het 'n tweeloop haal geweer aan die kop en staan by 'n wa se reling. (belang aan Unie)

Ek staan in Europa en die Duitser is aan die vlug en die karre gaan by my verbly. Maar treine vol mense staan stil by my ek hoor skote soals van bommeksems.

6 Jan.

1923

In die Unie is draad en eenkant 'n ou damwal en tussen damwal en draad is 'n sloot, die sloot word 'n put die put 'n tunnel en uit die tunnel kom twee tienjarige seuns.

5 Feb

1923

In Europa lê hope wit mielies en tussen die mielies lê afgeslagte bees velle.

13 Feb.

Staan vel kuipe en tussen die lê afgeslachte wild velle.

1 April.

In Europa staan vyf potte op die vuur. Die mielies staan vol in die zate anderkant van mielies is die grond omgeploeg.

16de April

Waans met rooi skimmel osse trek oost.

23 April

In Europa staan baie mielies en rook slaan tussen hul uit. Aan noord van mielies is kaffer-koring mielies belang aan België en Franse Kaffer-koring swart troepe

Die koring slaan rooke om en om uit.

24 April.

In Unie kom geel papier uit en daar is geskryfte skrif op en dit raak weg (my skrif) Toe lê 'n groot wit laken op die grond en die grond is omgespit Ek spit toe grond en gooi op een hoek van die laken (Ons Vrede) Toe lê fyn draad hoewaal en daar lê gedroogde perseken op.

Toe kom 'n sif uit en skep die perseken op en toe is hul afgeskil. Die koring is afgesny en die gerwe lê op die grond. en die are lyk of hul zwaar is. Ek staan langs aan 'n tjenk en skoon koring val langs my af. Ek gaan by 'n deur in en daar is 'n meul maar dit is skoon koring wat uitval.

25 Mei

Ver in Oos kom kaffers in gezich maar ongewapen. Iets lewe in my baasje zak ek steek my hand daar in en keer die zak om en daar kom springhane uit en spring op die grond en toe hul op die grond kom lewe die springhane na Noord (≡ Dit is 'n nasie wat klaar maak vir oorlog)

10 Junie

Ek gaan na Europa oor berge, ek kom by 'n plek en daar lê nuwe mausers gewere onder planke, endje verder en daar in een hoek lê 2 mense emt 'n laken oor hulle en grond kom ook oor hulle. Verder en daar kom 'n horlogie maar met strepe en tussen die strepe kom die vierkleur met strepe uit.

15 Junie

In Europa lê baie steenkool in groot zink huis en alles raak weg Dis die Franse in Rhyng gebied Ek kom om 'n mooi huis maar die pleistering val af en naderhand is die huis somaar lelik en plat affere.

21 Junie

In Europa is 2 klompe beeste een klomp deurmekaar (Engeland) Ander klomp is wit rug beeste tussen in. Aan Oost kom roer uit met sÿ bek reg naar ons

24 Junie

Mofskape ooie met lammers staan in hoge gras (bÿ ons.).
Ander skape trek naar Noord sÿbokke ook agterna.

26 Junie

Aan die Noorde kant is waans besig om in te span met swart osse, osse kÿk reguit hierheen. Nog ander met rooi osse en blaww voorosse. (gewaar) Die weer is bewolk aan Oost is 'n dik bank die zon kom agter die bank uit en skÿn helder maar zit al hoog.

1 Julie

In Europa lê 'n groot hoop strooi om mekaar langs aan lê mielie blare op mekaar en is aan die brand Aan Wes is 'n miswerf en die springhane sit ammekeer op die mis Bÿ ons is dit toe ook net ene springhane maar die aarde word nie rooi nie

10 Julie

1923

Aan die Weste kom 'n skotel heuning uit en 'n mes snÿ stukke af.
Ek zit langsaan 'n tafel en eet van die heuning wat in mÿ bord lê.

12 Julie.

Kom aan die Weste 'n groot hoop mielie stronke uit en dis een vuur Toe staan daar 'n nuwe gras dak guis en ek is daar in toe kom heuning koeke uit wat 'n mes stukken snÿ Heuning staan op die tafel.

20 Julie

Ver in Europa kom 'n baal uit hÿ gaan eenkant oop en daar is nuwe bruin klere in.

22 Julie

Aan die Noorde kom 'n groot os uit met skiller plekke aan hom en kÿk hierheen. Die aarde word in Europa swart Die aarde krÿ hier bÿ ons 'n gesig als van ou brand

25 Julie

Hier kom 'n onbekende papier uit so als 'n envelop hÿ gaan oop en daar kom 'n papier met letters op uit. Toe lê nuwe gesnÿde oorleer opmekaar wat die vleiskant kort uit gewerk is. Die Duitser se vrouens se klere is hier blaww

5 Aug.

Taan 'n tafel en daar lê swart goed op. Die aarde krÿ 'n gesig als van uit getrapte kamp.

6de Aug.

Aan die Ooste is 'n huis en daar word een met geweld bÿ die deur uitgestoot. Toe gaan 'n klomp mans en vrouwe agtermekaar na oost. Geel waans met perre trek af na West.
Die koring lê in die vloer aangelê. Die kleur van strooi is als gestikte strooi. 'n vlag waai aan 'n paal maar soos 'n papier (koerant)

12de Aug

In Europa trek deurmekaar beeste in mielie stronke (engelse beeste) Toe sit 'n vrouwe op 'n stoel op mielie blare, dit raak aan brand en raak weg. Dit kom weer in gezich toe zit die vrouwe hoog op die blare (Die Franse in Rhÿn gebied) Waans trek na die Noorde in Europa met baië osse net of hul vlug (swart osse)(sleg vir die waans) 'n Klein kaffertje hardloop en spring in een put.
Toe kom in die suide boomme en klippe in gezich en vuur vlam kom uit die klippers.

15de Aug.

Die aarde is pikzwart. In Europa kom 3 skimmel beeste uit.

Daar is nog 'n wit pens bees en sý een hoorn linker hoorn is stomp. Later kom daar 'n witpens bees uit wat na die Ooste kÿk. In die Ooste kom 'n rooie uit en hÿ kÿk wes.

Toe is daar 'n dorp en uit die dorp vlug mense bosse in. Ek gaan in Europa om 'n groot huis en kom in die volgende huis in een kamer lê os rieme, dit wÿs die mense maak klaar vir oorlog =

25ste Aug

Kom Fluitjes riet uit wat lewe en trek na die suide en toe is dit spring bokke wat vlug. 'n groot sekel draai op 'n spil naar suide.

Daar kom vrouwe mense uit wat swart aan getrek is en het wit kant om hul nek. Ek gaan skielik in Europa in 'n groot huis by die kombuis deur in, toe ek by middel deur kom word dit ligter toe ek by die voordeur kom is dit 'n glas deur hÿ gaan oop toe is dit helder lig die huis is in ons pad als hÿ weg is uit ons pad zal dit vir ons lig wees.

31 Aug.

Staan baië waans en tente soos mense wat vlug

3 Oct

Waan trek van Oost naar Wes by mÿ verbÿ in die Unie.

22 Oct

In Europa kom 'n "boiler" uit en die vuur bars by die deksel uit 'n Vrouwe staan en kÿk na Noord haar kleed was wit hÿ sak af en toe is sÿ swart aangetrek sÿ draai om en gaan sit toe is sÿ heelmaal swart aangetrek Aan die Weste staan 'n doornboom Aan West is hÿ half afgekap hÿ sak om en ek is toe by met mÿ byltje en kap hom af.

Toe word mÿ hoed nuwe = (val van J. Smuts se regering).

1 Nov

In Europa lê 'n swart vark en 'n mes krap hom skoon af

10 Nov

Kom 'n skenkbord uit vol gemaalde vlys. = Val van Europa se regering, Tronk potje staan met papbransel en mes krap dit uit toe is potje mooi blink skoon. (=zwaar wat ons ons Smuts gehad het)

10 Feb

1924.

Staat 'n mielie masjien en die blare waai soos hÿ dors.

=(Sappe wat terug kom na Nat.party)

20 Feb.

Groot skape wat afgeskeer is kom van Kolonie op. =(Min. wat nie weer in parlement gekom het nie)

10 Maart

Staan nuwe veldskoene. =(Belang aan Nat. party se blydskap)

15 April.

Op 'n Zondag terwyl ek bid sien ek, ek is in 'n groot gras dak huis

11de Mei

Staan baië kafferkring are die are vorm die kafferkring are 'n zinnebeeld van 'n mens, toe gee dir are pat en daar staan 'n nakende mens (=was J. Smuts) =(Kafferkringare is beeld van engelse geld wat hul spandeer vir eleksie)

1 Junie

1924

Aan die Ooste van Europa brand 'n vuur, na die vuur kom waans die waans is engeland se waans.
24ste Junie.

Mofskape trek Oost in skemer donker. Spring bokke in die unie dis so donker ek sien net so effentjes.

28 Junie

In Europa aan die Weste staan 'n groot seepot vol vuur ≡(teken van Rebelle) Waans trek met wit pens osse, maar die osse is baië maër. (Italie se kleur) 'n Streep osse kom by my verbý deurmekaar van kleur ≡(dit is soldate maar ons sal nog nie wie se troepe dit is)

In Oost kom 'n skimmel bees uit met regop hoorns wat na die Ooste gaan, 'n rooi koei hardloop en staan naa Zuid (Bees wat gevaar het dit is vrouwe mense wat gevaar gaan kry)

1 Julie

'n rooi bul gaan dieselfde koers

4 Julie

Staan 'n man met vaal klere kaal geskeer met geweer in hand Toe ry hy te perd reg oost op.

8 Julie

In Europa trek blaww waans skielik op na Oost. N vrouwe staan met mandje voor haar. die vrouwe lyk na boervrouwe, die vrouwe raak weg en manje raak weg onder water en kom weer uit Toe kom 'n klomp kaffers sonder gewere naa noord Agter hulle is swart osse wat ingespan is 'n lang touw en agter hul is 'n "ou stel wëntje.

20 Aug

'n Ou groot swart vark gaan af na Zuid en loop hom teen 'n stoep. Trek engelse wans vol goed naa zuid. Trek wit rug osse naa Oost met waans In Europa lê baie ry haver opmekaar

10 Sept

Staan in Europa 3 blaww perre en 2 geel perre 'n hand stoot 'n gras deur toe

24 Oct

Staan 'n droge doornboom ek zaag hom weerskante en wou hom omstoot

22 Nov.

Aan die Ooste kom in die skemerte 'n zaag uit en toe 'n garing boom. Aan Oost kom 2 wingerd lote uit Toe staan perziek bome en die vrug is net gespeen. Toe staan 'n yzerploeg en (langs aan staan) 'n man met gryns klere staan op die ploeg. Kom garing ingezich, die onderste is droog en 'n mes sny hom aan twee stukke

26ste nov.

Kom ons vlag uit hy is nie hoog nie.

2 Dec.

Kom 'n geel doek uit en toe is Weste oorgtrek met kakie.

10 Feb 1925

Aan Noord zak 'n bui reent uit aan die luch is dit helder maar op die aarde nie.

11 Feb.

Zak die selfde bui reent aan die Weste uit.

15 Maart

=====

Aan die Ooste staan 'n skotel koring en toe staan die koring geel ry. Toe is aan west.

9de April

Staan 'n ronde stuk yzer en hy is vol zekels. Toe staan die paal met die vlag daaraan.

20 April.

Baie mielies wat van die stronke afgaan. Toe is daar 'n oond en daar is 'n vuur van mieliestronke in, en die vuur brand na agter in die oond in.

1 Mei

In Europa staan twee groot potte en daar is vuur onder. Toe trek 'n trop paarde ruiters na Noord West met gewere in hul hand.

10 Mei

In Europa is groot zwaar onweer, en die lichte slaan agter die wolke uit. Die dag breek, en die luch word skoon. Toe kom 'n seroet mandje in gezich, en 'n vrouw met wit klere zit 'n wit bos blomme in die mandje, en die mandje draai in oond, toe is dit die vierkleur wat in die boom van die seroet is.

18 Mei.

Kom 'n vye laning uit wat ek in 1910 gezien het toe was die vye ryp, maar nou is dit net geswel. Toe dit ryp was het ek ook van hul afgepluk.

27 Mei

Le die hele aarde vol mielie blare soos 'n mens gedors het, en in die Kolonie lê 'n man op sy rug in die blare.

8 Junie

In Europa is 3 gemetselde kuipe met droge gras in, en een Turk steek hul aan brand

15 Junie

Brand 'n groot hout vuur Le 'n groot hoop hout opmekaar 23 Junie en die vlam slaat bo uit, maar raak weer dood

1 Julie.

In die unie staan die koring wit ryp. Staan in die Kolonie 'n groot koring miet wat ek in die tronk gezien het.

10 Julie

Die gras brand in Europa en die aarde word daarvandaan na hier swart.

1 Sept.

In die Unie is 'n oond met houtvuur en die vlam slaan by die bek uit

8 Sept 1925

.N B.

Staan 'n beeld van 'n kaffer in gezich, hy zak agter oor en sy mand gaan groot oop en 'n gans kom by sy bek uit, en vlie na Oost. Toe kom 'n ander groot vol met gezich van 'n mens, met baie lang vlerke sy kleur is wit maar die vere is of hul bo op effens gryns is.

In Europa vlug waans uit 'n dorp na Noord Oost en varke hardloop agterna

Toe kom 'n trein van West af en daar zit swart kaffers in

3 Sept

=====

1925

Vlug bont muile na die noorde en agter hulle kom 'n nasie uit wat geel is maar ongewapen

5 Oct

Aan die Weste is vlies wolke en onderaan is 'n klein bankje.

die zon kom agter die bank uit en daar skyn hy helder en ek kyk in die zon.

10 De Oct

Kom skape, mof en Basterskape deur mekaar, af na hierheen.

Toe kom baie waans om 'n rand in Unie

20 Oct.

Kom Donkie waans van Oos na Wes in Unie

1 Now

Staan 'n groot boom met twee mikke en een is effens gekap en val om. Toe val die ander een ook om. In Europa vlug mense met vaal muile en achter hulle is rooi beeste met 'n bul voor aan Ek kom in een groot huis en daar is zakke gepak, en uit een stroom skoon koring.

6 Now.

Staan die laning vye weer, maar dit lyk of die bome effens verdroog (kroes) is en daar is enkele ryp vye aan.

10 Now.

Staan 'n smal ryp populier bome en hul verander aan Doornboom.

9 Dec.

Aan die Weste is een bank van uitgereende wolke en die zon kom agter die bank uit

1926.

10 Jan

≡Die wingerd loot meen geloof.

Ek sien in Europa 'n vreeslike dik klipmuur en agter die muur sien ek donker rookwolke draai (dit beteken dat die oorlog daar baie ver gevorder sal wees voordat ons dit sal weet) Die sensor is die dik muur. In daardie tyd sien ek ook die Unie is omgeploeg, alles wat nou bo is, is onder of wat baas is, is Klaas. Ek sien daar waar ons aan die Grootrivier Kom is 'n paal ingeplant. (dit beteken gevestig en goed) en aan die paal waai die Vierkleur. Daar bou ons dan 'n nuwe verhoog. Daar kies ons ons eerste President. Daar waar die man met die bruin pak klere ons toe spreek sien ek staan 'n klompie basterskape (Jingos) As ons wegtrek hardloop 'n klompie van hulle agter ons aan en word mofskape (reg.) Die ander vlug na Vereniging. Hier op die Morkaanse rante kom 'n paar honde by ons aansluit. (Regerings offisiere) en by Kimberley 'n paar spierwit Sybokke. Engelse wat Afrikaners geword het....

§ § § §
(Merkwaardige Visioen.)
#

In die jaar 1920 tydens my bediening in Kaapstad (NuweKerk) Skryf Dr. Rossouw. Was ek op besoek by my Swaer Ds. Esterhuizen destyds van Delarey. 'n Seun van Genl. DelaRey en ander het my begin vertel van die ou mnr. van Rensburg en sy Visioene met die gevolg dat ek spesiaal na hom gereis het in geselskap van oudr. C.A.Gaciano en diaken C.G. v.d.Merwe, albei van Delarey. Ons het die grootste deel van die dag by hom deurgebring en die namiddag by hom aan tafel geëet. Hy my die tafelgebed laat doen en daar by gevoeg U moet verstaan, ek laat nie elkeen aan my tafel bid nie. Toe vra ek hom, Van waar dan die vertrouë in my Daarop begin hy toe o.m. sy Visioene aan my te Vertel.

Kloof wat toe val

Kyk se hy. Daar is 'n vreeslike Kloof wat ons volk van mekaar skei, maar die gapende afgrond sal toeval sodat ons weer na mekaar toe gaan en ver mekaar kan gaan kuiër. Maar waar ons twee staan lê die walle teen mekaar. Die honde het vermorre nie eens ver u geblaf nie en gisteraand het ek julle drie al sien aankom.

Ek sien daar gaan in anderland (Europa) groot moeilikheid kom. Hulle is daar soos 'n klomp krioelede slange- Veral is daar 3 grotes wat 'n dreïende houding om te pik aanneem, 'n bruine 'n Swarte en 'n Gele. Die eerste twee maak net hull gifbekke oop en laat die tongetjie bewe, dog is te verbouereerd om te pik.

Die Geel slang is Duitsland want ek kan sien hy is gekwes en spartel en krul hom. Maar hy sluk die Kleintjies in, een na die ander. Dan swem hy oor 'n dam water en verswelg die kleintjies oorkant die water

Die ossewaëns

In ons land sien ek in die woelige tyd ossewaëns en donkiewaëns uit die Suide optrek na die Noorde. Die donkiewaëns sak egter uit, en die ossewaëns word al meer en meer. Hulle word begelei deur perre Kommando's en ek sien u op een plek op die voorpunt.

(Dit het letterlik op Swellendam gebeur, meld Dr.Rossouw.)

In Kaapland - het die Siener - Voortgegaan sal dit bontspanne wees, Maar oorkant die Grootrivier, pronkspanne rooi Afrikaners wat hul horings teen mekaar sal speel. Dan sal hulle by duisende en tienduiseende êrens noord van Lichtenburg bymakaar kom van alle kante. Dit sal die Grootste byeenkoms van Afrikaners in ons Volksgeskiedenis wees en dit sonder dat die Volksleiërs die volk daartoe sal roep.

Die Bloed vlag.

'Die volk sal dinge in sy eië hande neem, en die wat nie wil padgee nie, trap hulle dood. Dan sal daar 'n groot stilte heers net voor die storm wat geweldig maar kort van duur sal wees. Daar sal een emmer bloed omval en daarin sal ons vlag gedoop word en die bloedvlag sal dan wapper oor 'n Vryê Volk.

Dan het hy baie gepraat oor verd..de [*verdroëde?*] mielielande gaan Dr. Rossouw voort oor hongersnood 'n Slagter wat net spek uitsny en 'n menigte ander dinge wat nou minder vreemd lyk as toe. Ek maak geen kommentaar nie want ek het nog altyd skepties gestaan teenoor sy gesigte maar vreemd is hulle voorwaar in huidige omstandighede, hier en in die buiteland.

[**Deel 6:** Sewe briewe i.v.m. Siener deur Boy Mussmann van Vryburg aan mnr.J.J.de Beer van Lichtenburg. Hierdie deel is 'n toevoegsel tot die eerste 5 dele. Verwysing: Siener-Lêer: Lichtenburg museum

Brief 1: Gedateer 25 Oktober 1955	blad sy 1
Brief 2: Gedateer 8 November 1955	blad sy 4
Brief 3: Gedateer 20 November 1955	blad sy 8
Brief 4: Gedateer 4 Desember 1955	blad sy 10
Brief 5: Gedateer 8 September 1956	blad sy 11
Brief 6: Gedateer 2 Maart 1957	blad sy 13
Brief 7: Gedateer 11 Mei 1957	blad sy]

[**Brief 1:**]

Bus 197
Vryburg

Geachte Mnr deBeer

25 Okt 1955

Neef Piet delaRey het u brief i.v.b met 'n foto van siener van Rensburg gestuur. Ek het verskeie portrette van siener. B.v. Ek het een waar hy in een Duitse rybroek in kamaste sit wat ons gedurende die 1914 oorlog in Duits Wes ontvang het. Een van hom met sy Grootfamillie en ook sy ou vader by. Die een wat ek vir my een vergroting van laat maak het is die waar hy op 'n springbok velletjie sit, met opgerolde mouwe, het die pyp in sy hande (daar is die fytvinger te sien waar daar 'n heel interessante geskiedenis aan verbonde is) Daar is die paar veldskoene waar aan hy gewerk het. Die knipmes, die hamer, die besondere soort tang, die spykerblikkie, die veldstoel die koppie, waarop Vader staan ens.

Op die foto is genoeg te sien van 'n nederige ongeleerde. Op die veldstoel het hy talle van die dae voor sy eenvoudige brakdak huis gesit en dan vertel hy wat nooit 'n koerant of boek lees behalwe sy Bybel die geskiedenis van al die nasies onder die son. Na die rebelle was hy tot 1923 plaas geïnterneerd. As hy wou kerk toe gaan dan moes hy 'n permit van die Magistraat kry. Omdat Genl Smuts in sy rapport oor die rebelle (gedruk 2/2/15) dat die burgers van Wes Transvaal aan Gnl delaRey en siener soos een man geglo het en daarom ook soos een man gerebelleer het. 1923 kry ek van siener 'n brief waarin hy sê As ek hom op sy plaas kom haal en weer daar bring dan kom vier hy hier by my Dingaansfees. Ek dag hy het nou algehele amnestie gekry. Ek vra hom ook net toe ek daar kom wat gebeur het. Hy sê Hnl Smuts het 'n vergadering belê op Ottosdal. Hy sê Net toe dit bekend word onder die publiek toe sien hy (siener) sy uitgaan hoed lê by Gnl Smuts op die verhoog. Toe se hy aan my, toe weet hy hy moet na Gnl Smuts se vergadering gaan en toe wonder hy wat moet hy daar gaan maak.

Toe sien hy die Magistraat van Lichtenburg (Mnr Graham Cros [*Graham Cross, Magistraat te Lichtenburg 1920 - 1923, later Ondersekretaris van die Dept. van Lande*]) kom na hom. Die Magistraat sê dat Gnl Smuts hom na na siener gestuur het met die aller-dringendste versoek dat siener moet na sy vergadering op Ottosdal kom. Toe sê siener aan die Magistraat. Dit sal ek nie doen, Ek weet wat Gnl Smuts bedoel. Hy wil dat ek na politieke vergaderings moet gaan, dat hy my weer in die tronk kan stop. Toe sê die Mag. Ek sal vir jou borgstaan dat aan jou niks sal gebeur. Ek sal jou hier by jou huis kom haal en weer hier bring. Ek sal jou die reg gee om na enige politieke vergadering in die Unie te gaan en staan goed vir jou. Toe sê siener as dit die geval is dan behoef jy my nie te kom haal. Ek sal self daar kom. Op die vergadering se Gnl Smuts. Hy is so bly dat die ou Volksvader hom vereer het met sy teenwoordigheid. Na die vergadering toe nooi gnl Smuts vir siener na 'n kamer om privaat te wees Daar sê gnl Smuts. Oom Nicolaas ek kan nie vir jou sê hoe bly ek is dat jy gehoor gegee het en gekom het na my vergadering. Hy sê Ek het jou laat roep om raad. Ek wil van jou weet, die kloof wat tussen die Afrikaner volk is wat dageliks groter word wat moet ek doen om dit te heel?

Toe sê siener my raad sal jy nie neem. Toe sê Gnl S. sê net al kos dit my lewe ek sal dit doen. Toe sê siener. Ontbind die parlement en skryf 'n eleksie uit, en as jy dan aan bewind kom dan weet jy het jy die volk agter jou, want so kan jy nie aangaan. Toe verseker Gnl S. hy sal oom Nicolaas se raad aanvaar. Ek sê toe aan siener. Oom N. hy sal dit nooit doen nie. Hy sal nie die ligtsels tussen die perde gooi. Hy se my Gnl Smuts sal my raad neem want ek (siener) sien ek kap die doringbos wat in die volk se pad is, af. Dan sien ek die mieliemasien dors dat die blare so waai (dis eleksie) wat gehou word. Hy sê ons kom aan bewind. Ek sê maar oom N. Hoe kan dit

wees - Genl Smuts het 'n groot meerderheid bo alle groepies en die Nat Party. Hy sê Ek sien 'n boere veldskoen (boere regeering) Ek sien 'n grasdakhuis (boere-kabinet) Ek sê Maar oom N. Gnl S. het nou verledejaar die arbeiders doodgeskiet in belang van die myn magnate. Hul sal hom mos soveel geld vir eleksie doeleindes gee as wat hy nodig het. Oom N. sê vir my. Ek sien kafferkoringare (dit is geld) vorm 'n beeld van 'n mens

Toe die kafferkoringare padgee staan 'n nakende persoon. Hy sê die nakende persoon is Gnl Smuts. Hy sal kaal uit kom met al die geld. Hy sê verder aan my ek sien Gnl Smuts die parlement ontbind dan sien ek 5 moframme kom van die kolonie op wat hul wol kortafgeskeer is. Ek vra wat is dit. Hy sê dit is 5 ministers wat nie weer hul setels kry. Dit was toe Nicolaas de Wet Buston Mentz Frans Malan en gnl Smuts self. Gnl Smuts val uit by Pretoria en toe sê Gnl Hertzog. Moenie hom by Standerton opponeer. Ek wil hom in die parlement hê. Toe sê siener. Hier maak Gnl Hertzog dié fout van sy lewe. Die Heer beskik dit dat hy moet uitval, maar hy wil hom daar hê. Later het hy aan my gesê. Hy sien die Grasdakhuis vermuf. (Genl Hertzog se vereeniging met Smuts. Terloops waarom het genl Botha nie 'n staatsbegrafnis gekry en waarom was sy lyk nie gebalsem, dat dit so sleg geword het in die kerk? Nou omtrent die portret. Ek het gisteraand van Kimberley gekom my skoonseun woon daar. Hy het die portrette en al die gesigte en voorspellings daar wat ek neergeskryf het van af die Engelse oorlog Generaal delaRey is my oom en siener was sy raadgewer gedurende die Engelse oorlog.

Siener se dogter het al haar pa se voorspellings neer geskryf vanaf 1916 tot sy dood al die dinge wat vandag nog gebeur en die Groot gebeurtenis wat nou voorlê is alles daar in neer geskryf. Toe haar pa dood is toe sê sy oom Boy jy skryf 'n boek oor my pa. Ek gee vir jou die aantekeninge Daarom toe ek sê As om verwagting van die O.B. Groot is dan sal ons teleurstelling ook groot wees. Toe stuur die O.B's gnl Smuts sê speurders om my te kom vang met die aantekeningeboek. Toe die speurders my huis deursoek vir die boek. Het die hoof vir my vrou gesê. As ons dié boek kry is jy en jou man vir die res van die oorlog van mekaar geskei. Die skoonseun van my sal vir jou een van die portrette laat oorneem en dan sal ek dit aanstuur Soos ek gesê het. Glo ek nie daar is 'n man wat soveel of meer van die voorspellings weet as ek. Ek het van talle persone hulle persoonlike ondervindings gekry wat ek alles sorgvuldig opgegaar het. Nou vra ek ook van u 'n guns. Ek was 1944 by die kranslegging by Jopie se graf. Die aand het genl Kemp aan 'n groot vergadering vertel van die tog wat hy 1914 deurgemaak het na Duits Wes. O.a. het hy vertel van 'n geval by Rooidam (25 Nov.1914) Waar Gnl Botha met ongeveer 5000 man Gnl Kemp met sy 600 vas gekeer het. Gnl Kemp sê toe daar „Gnl Botha het die dag sy kordon om my getrek. So teen sononder sien ek 'n oopplek in dié kordon. Ek en Bezuidenhuot (veggeneraal) loop voor. Ek sien 'n klompie spioene in die oopplek. Ek laat kaptein Nieuwenhuizen regsom storm en ek storm links om. Ons vang die klompie spioene. Toe het ek weer 'n klompie perde en skietgoedjies gehad wat ek aan die burgers kon uitdeel."

Om ek in die dinge belangstel wil ek net so graag as u 'n portret wil hê wil ek graag 'n paar verklarings van 'n paar aller vertroubaarste persone hê. Wat hierdie gebeurtenis nog net so onthou soos ek dit onthou Ek sal u baie baie dankbaar wees. Verskoon tog dat ek so albei kante skryf. Ek het nog talle briewe om te skryf. en die moet oorstaan vir die tyd. Kaptein Nieuwenhuizen was verlede Dinsdag hier by my. Hy leef gelukkig nog. Hy woon 150 myl hier vandaan

As u in hierdie omgewing kom. Is u welkom hier Met dié soort Afrikaners gesels ek tog te lekker
Die uwe
Boy Mussmann

[Brief 2:]

Bus 197 Vryburg
8 Nov: 1955

Geachte Vriend;

Gisteraand het ek u brief ontvang. Baie dankie daarvoor. Ek sien u verstaan nie wat ek bedoel met vertroubare verklarings. Ons kry so dikwels verklarings i.v.b met die siener se verklarings wat verdraai en onwaar is. Soos u skrywe het u gesoek na 'n brosjure wat een keer uitgegee is. Een Sybrand Botha het 'n boek oor siener geskryf die naam was "Krygsman ook profeet." Ek het dadelik in die koerante geskryf en gewaarsku dat dit alles onwaar is. So het die boek van die toneel verdwyn. U praat van die boek van die dogter. Dink net van 1916 tot 1926. Elke dag se gesig met die datum by. Dit vat tyd om dit alles deur te lees. Die dinge wat nog moet gebeur en nog steeds gebeur is alles daarin opgeteken. Daarom toe ek sê as ons verwagting van die O.B. Groot is dan is ons teleurstelling ook Groot. Toe word die speurders gestuur om my te kom vang en te inetneer. Een van die speurders het aan my vrou gesê as hul die boek van Siener kry dan is sy van my geskei vir die res van die oorlog. Toe die O.B. in duie stort het die vader van die plaaslike Generaal my twee keer in Vryburg se strate met die vuus platgeslaan. Siener het selfs beskryf hoedat Dr v. Rensburg se oogmerk maar net is geldmaak.

Die politieke loopbaan is haarvyn beskryf. Elke eleksie. 1948 sê siener: Hy sien twee siwwe uit Johannesburg kom Eendjies na mekaar. Dan sien hy die koringgerwe in die vloer en sy (siener) se ou houd word splinternuut. 'N nuwe regering neh. Dab sien hy na dit in DuitsWes is 'n tafel gedek daar is roosterkoeke en wors op: Boerekos ? Dan sien hy die garingksaal in DuitsWes gee 'n draai garingksaal (Sap regering) en toe gaan die ossewaens af na Kaapstad.

Ek skryf van garingbome. Om oom N. goed te verstaan moet 'n mens baie intieme kennis dra van wat elke ding beteken. Hy het Engeland gesien 'N garingboom wat 'n hand die sate bo afsny en dan verder die boom. Siener sê, Kyk dit wys vir my Engeland sal heeltemal ondergaan, want 'n garingboom is van aard as hy die jaar sy saad skiet dan het hy sy uoderdomsgrens bereik. Dit is dan die eind van die bestaan van die volk. Hy het Engeland Gesien die vrou met linte opgetooi Die linte draai een vir een af tot die vrou kaal staan dan sterf sy. Hy sê dit is al Engeland se kolonies en buiteland se besittings wat sy kwytraak. Kyk ek sê eerlik as ek sien hoe Engeland ondergaan soos oom Nicolaas (siener) voorspel het dan voel ek bly. Nou wil ek vir u weer een ding vertel wat vir u ongelooflik lyk en tog kan ek vir u swart op wit die waarheid daarvan wys. Toe doe O.B.s die speurders gestuur het om die boek te soek en te neem en my te vang Toe sê ek aan Mnr Pieterse Die speurder. Julle wil my nou vang om ek aan Siener glo. Waarom vang jul nie vir Gnl Smuts. Hy glo ook aan siener. Toe lag hul my uit. Ek sê aan Pieterse. Skryf aan Gnl Smuts en vra of hy aan oom Nicolaas glo en as hy sê Nee. Dan skryf ek aan hom 'n brief en se hy is 'n leuenaar. Pieterse sê Nee hoe sal ek aan Gnl Smuts skryf Ek sê Ek sal aan hom skryf en jou sy brief wys.

Ek skryf toe aan Gnl S. en sê aan hom. Die Speurders was hier om my te vang en die voorspellings van siener beslag op te lê. Ek seê Ek weet dat hy aan Siener glo Ek noem hom my redes. Omdat hy 1924 die parlement op oom N. se advies ontbind het en 'n eleksie uitgeskryf het. Ek sê oom N. het my gesê Waarom gnl S nie vir gnl Botha nie 'n Staatsbegrafnis kon gee. Ek sê aan Gnl Smuts ak vra hom nie geld. Ek vra net permissie om die voorspellings van siener (die waarheid) te vertel, want hier gaan baie leuns van hom rond. Ek sê an Gnl S. hy moet die Geïnterneerdes in ons land los. Want of 'n persoon nou 'n klein of 'n groot misdaad gepleeg het Hy is geïnterneerd vir 'n onbepaalde tyd (so lank die oorlog duur) en hul sit op gnl Smuts se verantwoordelikheid tot 'n ander mag wat gnl Smuts nie goedgesind is hul los en dan is hul sy opperste vyande (Soos Dr Malan toe ook gedoen het)

Ek sê toe ook aan Gnl Smuts. In die boek met voorspellings sien oom N. Hom (gnl S) Die rooibruin bees staan by Johannesburg en kyk na die ooste (Rusland) en hy word baie maer. Ek sê die rooi bees is Engeland se kleur. Die bruin bees is ons kleur dus 'n rooibruin bees is 'n ontaarde Afrikaner. My vrou en 'n onderwyseres wat hier logeer sê nou sal Gnl S. jou laat interneer. Wat gebeur (Hier is Gnl Smuts se antwoord in my huis. Hy sê wat betref die voorspellings van siener. Gaan aan met die goeie werk en i.v.b. met die geïnterneerdes het ek jou brief na die

minister van Binnelandse sake (Harry Louwrens) verwys vir oorweging.

Nie lank daarna skryf ek aan Gnl Smuts om tog 'n Mnr Brits (13 President straat Potchefstroom) te los: Die man was baie siek in Koffiefontein. Gnl Smuts ruil Harry Louwrens om vir Collin Steyn en G.L Brits word gelos. Skryf maar aan hom.

Mnr Brits vra dat ek moet probeer 'n ou Duitser Mnr Krause wat ly aan suiker [sinter?] siekte uit te kry. Mnr Krause word gelos en hy sien ook gesigte Hy kom woon by my in die huis. Hy het die more vroeg aan my kom vertel en gesê: Vanmore het die geallieerdes by Naushoerge Duitsland binne geval. So teen tienuur flitsberig wat dit bevesteig. Nou omtrent die plan om op Lichtenburg te ontmoet is vir my onmogelik. Ek het nog nie reën gehad. Ek moet sodra dit reën tot Januarie wanneer ek nog voer moet insit ploeg. Ek dink dit is baie beter om met jou vrinde en goeie Afrikaners saam te span en dan belê jul een aand in Johannesburg dan kom ek na julle en dan bring ek die boek met voorspellings ens saam Dan betaal jul my reiskoste heen en terug as jul dit wenslik ag kom ons soveel aande bymekaar as wat jul goed dink.

Oom N. se voorspellings het begin met die begin van die Engelse oorlog. Toe het hy gesê ons gaan die oorlog verloor en nou loop sy voorspellings

Tot waar ons weer vry is. Siener was by oom Koos delaRey (my oom) se kommando toe oom Koos die eerste skote laat knal het by Kraaipan naby Mafeking. Daar het oom N. se perd weggeraak oom N. sê aan my 'n beswaarde gemoedsgevoel het hom van oom N. meester gemaak. Oom N. sê 'n gevoel wat geen pen kan beskryf. Sy kombersmaat (Genl v. Wyk) Het met hom rusie gemaak vir hom gesê: Dink jy meer van jou perd as van jou vryheid? Alle soorte van verwyte is hom na die hoof geslinger. So het oom N. vir oom Koos altoos op hoogte gehou van elke beweging van die vyand ens Nou skryf ek 'n bladsy uit die boek met voorspellings waar oom N. se voorspellings eindig. Dan se jul wat is jul verklaring. Dan is daar oneindig veel om dit vir jul te verduidelik Dit is onmogelik in eend aand as jul haastig is sal ek dit stuk vir stuk per brief beantwoord. Ek sal aan jul verduidelik waarom ek gevoel daar rus 'n verantwoordelikheid op my. Psalm 78. Dink ek woon presies 100 myl van siener en hoeveel keer het ek die afstand met kar en perde afgelê. Was ek dan immers gek?

15 Sept 1921 Dit is baie donker en die varke hardloop na Johannesburg. Daar is draad. Toe kom 'n gemetselde voor met water van die Weste, maar die water is bruin en dit spat op my veldskoene Ek staan langs die water. 1 Okt 1921. In Europa lê 'n vark en een sak kom oor hom dat net sy kop uitsteek

10 Okt 1921 Kom in Europa een papier met klein uit. 'N hand met potlood trek blom op en n streep deur die letters. Toe kom 'n span ingespande osse uit, waar vaal osse tussen is (vaal osse belang aan Duitsland) Toe kom 'n appelblau perd in Europa uit wat baie vet is. Sterk. N.B. Ingespande osse is troepe wat uittrek om te veg. Blauperd is Duitse perd. Sterk

26 Okt 1921 Die witvark kom weer in die gesig (sien 1 Oktober 1921) Een mes krap die hare af maar die nerf bly op die vark (soos 'n vark wat vasgebrand het. Die wereld word by ons swart. 10 November 1921. Die mis trek oop en toe staan die wa klaar gelaai gerwe. Toe lê die gerwe langs die vloer. Die vloer word skoon Ver in die Noorde is klein wolkies Hul gee pad van mekaar en die son skyn helder. In die noorde kant in die lug is 'n gallery en op dié galleryis soos die beskrywing van die tabernakel met die goue kandelaars en agter die gallery kom 'n ménigte kinders uit en kom af na die suide. Die kinders is almal van 10 jaar leeftyd. almal wit aangetrek met blau oë. Voor is dogters van siener (wat in die moordkampe dood is) en een van siener se susters kinders (ook 'n dogter en een dogter van Gert van Wyk. Al vier genoemdes is in die kamp dood Die vier is op die voerpunt van die kinderskaar wat afdaal Oom N. se in lewe was die vier kinders nie almal 10 jaar maar so sien hy hul hul het ook nie al blau oë, maar dit wys hom omdat hy die vier voorstes ken dit is kampliyers Dan hoor hy uit die kinderskaar kom die woorde „Deze is het die hul lewens gegee het tot 'n prooi en sy kom komen om te delen in die vreugde van hun medebroers en suster. Oom N. sê aan my as die kinders terug draai hemelwaarts dan is hul oë vol tranen, maar van blydschap wanneer ons vry is. 20 Nov. 1921 Die koring word ryp aan die noordekant Aan die Westekant is die koring vol in die aar. 1 Desember 1921. In Europa kom 'n Groot kom vol varkwors in die gesig (Val van Engeland)

10 Desember 1921. Die afgesnyde koring word bosse aangedra. Te Johannesburg kom mielies in die gesig, maar verdroog en raak weg tussen die koring stoppels

Toe is hier 'n kamp van blinkdraad gespan. Die gras word wit om die kamp In die ooste kom bruinperde en my blauperd is ook daar by. My veldskoene gaan uit my voete en ek trek nuwes aan. Nou verduidelik ek so een en ander 15 Ons is in groot moeilikheid. Die varke is die Engelse in ons land. Oom N. sien hul as varke omdat hul altoos met vuil werk besig is. Daar is draad ('n soort van beskerming vir hul. Die gemetselde voor is nuws wb dit staan i.v.b. met oom N. se voorspellings. Vertroubare nuws

1 Okt begin van Engeland se ondergang 10 Okt. Stig van bougenootskap en onderhandelings lei tot niks. Trek maar 'n streep deur die vyn belynde oorlogs planne ens. Span osse Duitsland trek op saam met 'n maat. Appel blau perd baïe vet.

Toe Duitsland oorgee toe sien oom N. 'n blauperd raak in Duitsland weg in bosse. Nou tree Duitsland sterk op Engeland is aan sterf (die vark) Die vark word verder bewerk. Ons moeilikheid word baie groot.

10.Nov Daar kom verandering en die. Die koring en haver (engelse) word uitgesif. Vloer skoon. Ver in die Noorde (Amerika) ons son skyn helder omtrent vol besonderhede hoe die 'kinders' van oom N. in die kamp beland het en hy en sy vrou nie. Vereis 'n lang uitleg. Op versoek van julle later. Die koring die Afrikaners Die mielies die Engelse. Kamp met blink draad. Nuwe draad. Ons interneringskamp. Van Durban kom die boerekommandos terug. Dan is ons land skoon van Engelse. Oom N. se perd van Kraaipan is ook by. Oom N. se voorspellings is volvoer. 'N nuwe loopbaan tree in Boy M

[Brief 3:]

Bus 197 Vryburg
20 November 1955

Waarde Vriend.

Vandag lees ek in die Transvaler twee artikels waaroor ek graag 'n artikel in die Transvaler sou wou skryf, maar ek glo nie dit sal opgeneem word. Die een is "V.V.) Deur nie blankes oorheers." Die ander is . 100.000 nie blankes bewapen vir Engeland se hulp en besparing van Engeland se seuns Siener het i.v.b. met die bewapening in Afrika van nie blankes gesien 'N span swart osse wat hier in die noorde inspan. Hul horings is skerp en kyk hier heen (na die suide). In Indië sien hy 'n geweer uitkom en dié kom sonaby dat hy (siener) in die geweer se bek kyk. Hier by ons in die noorde val 'n emmer bloed om. Ek dink ek het geskryf aan u (of het ek nie?) Hoe donker dit hier by ons sal word in die toekomstige oorlog. Die dik vet Swartperd en die vuil geel perd. Moeilikheid met die kaffers en koelies.

Met die stigting van die Volkebond Toe sê oom N. Hy sien mense is besig om 'n wa se wiel se band oor te trek. Eers was die band te klein. Toe eindelijk hul die band oor het, toe het die wiel nie 'n naaf. Daar het jy nou die hele beskrywing van die Volkebond Oom N. sê op die plan van genl Smuts wil die geallieerdes 'n volkebond stig, maar die V.B moet bestaan alleen deur lede van die geallieerdes. Toe vind hul dan is die V.B ondoeltreffend. Toe is die band te klein.

Toe neem hul Duitsland en ander in. Tie is die band groot genoeg vir die wiel. Toe sê oom N. Die *[invoegsel]* Toe vind hul uit die wiel het nie 'n naaf *[invoegsel]* volke wil met mense verstand 'n mense organisasie in die lewe roep wat Gods almag werke moet verrig. Want as God se oorlog sal geen mense organisasie dit keer en as God sê Vrede kan geen mens oorlog voer. Toe sê Siener daarom het die wiel nie 'n naaf. Hy sê Die spil waarop alles draai is Gods besluit. Hy noem nog vir my 'n voorbeeld en sê as twee volke rusie kry en beveg mekaar en die res van die V.B sê A is verkeerd B is reg. Die V.B besluit A moet sy optrede staak en A weier. Dan moet die res van die V.B vir A. aanval en dan ontketen daardeur 'n groter oorlog. Dan sien hy na die eerste wael wat die band eers te klein was twee motor bande wat albei te groot is. Meer modern (motorbande) Kort voor adv: Erasmus (Minister van verdediging) se vetrek oorsee. Toe hou hy hier op Vryburg 'n vergadering. Ek vra. Uit hoeveel nasies bestaan die V.V.O. Hy antwoord 34 Ek vra hoeveel van hul het in Korea geveg, om agressie te bestry. Sy antwoord was 14.

Nou vra ek vir u waarom nie almal. Rusland inkluis? Adv. Erasmus het hier gesê ons moet die oostelike see roete deur die Suez oop hou anders anders sal ons produkte aan die havens lê en vrot. Nou kry Egipte deur Slowakye Russiese wapens? Adv. Erasmus het gepraat van sy "Midde-ooste se kommandement. Wat het daarvan geword? Ek vir adv. E. gevra hoe kan ons met Engeland 'n bondgenootskap sluit. Hy die Goddeloose wat talle van ons vroue en kinders vermoor het wat in die eerste wereld oorlog by die Serviers aangesluit het. Die moordenaars van Oostenryk se kroonprins en prinses?

Die Engeland wat in die daë van Koningin Victoria. Soos die Engelse haar genoem het die Virgin Queen. Drake en Hawkins het op 'n seereis alle skepe wat hul tee gekom het beroof van edelgesteentes en goed. By hul aankoms in Engeland het die Virgin Queen hul vereer aan boord van hul skepe met die grootste verering aan 'n mens Sy sê Die ryke buit wat hul gemaak het kan geen pen beskryf. "Was dit buit? Of soos die Engelse sulke dinge noem Highway Robbery!

Ek was baie ontevrede. Toe Indië 'n republiek word. Toe stuur Engeland 'n persoon na Dr Malan op 'n geheime sending. Toe Dr in Engeland kom toe moes Dr kom pleit dat Indië al word hy 'n republiek moet lid bly van die Statebond

Nou sien ek Engeland se leerowerstes se 100.000 kaffirs moet in die plek van Indië dien wat nie meer by hulle (Engeland) is.

Voor die tweede wereld oorlog toe sê Loyd George Hy is verplig om met Rusland 'n bondgenootskap te sluit, want Indië en Japan is nie meer by hul Toe dink ek wat 'n onnosel ding om vooraf te sê Toe Engeland sy voorstel maak toe sê Rusland Waarborg die oossee state se veiligheid. Toe gaan Hitler en hy sluit 'n bondgenootskap met Rusland. Hy sê al is Rusland Bolsivisties Kommunistis Hy

waarborg aan Duitsland dat Bols. En Kom.- moet sy voet in Duitsland sal sit. Ook waarborg hy die Duitse volk dat hul die oorlog sal wen want hy beskik oor 'n geheime wapen wat sy vyand nie teen bestand is. Hy sal dié wapen nie gebruik voordat hy nie voor die voldonge feit staan om die oorlog te verloor, want as hy dié wapen andersins sou gebruik sal hy beskuldig staan as 'n barbaar. Oom Nicolaas het gesê Hy sien as die oorlog uitbreek danveg Rusland en D. Saam. Dan sien hy kry die span skilderosse blau voorosse (offisiere in Finland) Danbegin die skilderosse in die ronte draai. (Begin Rusland teen Duitsland draai) Dan verander die skilderbees in 'n vark. (Die Engelse staatsmanne het oom altoos gesien as varke) Nou word Rusland eensgesind met Engeland. Dan verander die vark in 'n hond.

Generaal Smuts het oom N. gesien die geel hond met 'n withalsband. As 'n mens 'n hond van sy oorspronklike baas weggelok het met stukkies kos dan byt hy uiteindelik sy oorspronklike baas wat hom grootgemaak het. Hy sê so is genl Smuts met geld en eer van sy volk weggelok. So het Engeland die hond en ons met die halsband. So staan in die bybel. Ek het vir adv. Erasmus gesê Hy moet net handel volgens die Geskiedenis van Koning Josaffat. Toe hy geld en eer genoeg het toe gaan kuier hy vir sy goddelose swaer. Toe sluit hy weer 'n handels verdrag met 'n goddelose. Al hul skepe het vergaan.

Ons sal donker dae kry as die oorlog los bars. Omdat ons nie meer glo aan die God van die heisleërs van die leërska

Beste wense en Groete
Jou Vriend. Boy Mussmann

[**Brief 4:**]

Foon 1712
Bus 197
Langlaagte
Vryburg

Geachte Vriend

4.12.1955

U brief met dank ontvang. Ek is bly dat u kom. Dan arriveer u die 20ste 1.30 n.m op Vryburg. Dan sal my skoonseun Sarel Haasbroek u daar ontmoet Soos ek u alreeds geskryf het hy is Stoorman by die Mielie Kooperasie-stoor op die stasie.

Dan is alles in die haak.

Ek lees in die Transvaler 2.12.55 dat Engeland gebruik al weer bomwerpers?? Verlede nag en vandag hier pragtig sagte deurdringende reëns geval en dit reën al weer.

Onthou dat ek u vertel die tekens wat oom N. sê waaraan ons weet dat die derde wereldoorlog begin Dit reën die wereld word groen (algemeen) die reën bly weg en die gras word plekke witdroog en dan spring die moframme (parliamentslede) uitmekaar ens ens

Groete en beste wense
U vriend Boy Mussmann

[**Brief 5:**]

Bus 197
Vryburg 8 Sept 1956

Mnr J. De Beer

Geachte Vriend. Seer seker het daar heelwat gedagtes en miskien na my geslinter omdat u nie antwoord gekry het op u briewe. Die rede is veeldoelig. My oë het baie sleg geword. Ek moes hy oë laat toets dir het £3-3 gekos en £11 vir die bril. Die artikel wat u van skryf wat u in 'n blad gesien het, was dié in "Mense" Ek was hard besig om met die trekker te ploeg. My kaffirs het skoon weggeloop sodat ek verplig was om die osse te laat loop en 'n trekker te koop. Ek het oorlaai met stof soos die foto aantoon op die lande 'n boodskap gekry dat ek haastig moes huistoe kom. Ek kon nie dink wat het gebeur. Toe ek huis kom was hier 'n vriend van my, met twee snelskrifskryfsters Hul moes 2 n m weer in hul diens wees. Daar was nie 'n oomblik tyd om te was, nog minder te skeer. Ek het meer krag aan die dag gelê met die ploery as wat ek moes, met die gevolg dat my gesondheid ingegee het. Ek moes dokters en dokters raadpl. Tog het die heer dit so beskik dat my jongste dogter se man na Vryburg verplaas word, maar nog nie sou ek die ploeg los want die een kaffir wat hul van die Vrystaat gebring het wis niks van trekker dryf. Die skoonseun het snags hier geslaap en smorens werk toe gery (17 myl) Toe die oestyd kom. Toe voel hy verplig om maar sy werk van £700 p. Jaar telos. Die kaffir wat hy gebring het en ander wat hy plaatselik imploer het het ook geloop sodat. Ek en hy self sy koeie moes melk. Die koeie moes snags vaslê om vroeg gemelk te kan word

Junie maand toe skryf my dogter van Kimberley dat sy plek bespreek het vir ons vier in die wildtuin. Ek wou nog nie gaan maar dan sê die vrou dan gaan sy ook nie Toe willig ek in Dit het my nogal goed gedoen.

Toe ons tuis kom toe wag hier al 'n brief van een van die broers van my vrou onderaan die Malopa (200) myl dat ons moet kom kuier. Ons is toe weer daarheen en lekker gekuier. Die oestery het bisonder stadig gegaan. Nou het ons klaar weggery. Nou het van die kaffirs wat my skoonseun mee geoes en gedors het weer kennis gegee Dan sit ons weer met een ou gebreklige. Hy kan darm goed melk en een jong seun van hom.

Die skoonseun het ook 'n trekker gekoop. Nou wat nou?

Ek het gewonder of die Transvaler jou artikel sal opneem vooral as ons skryf van die leuns van genl Kemp oor siener van Rensburg Ek het so gewonder hoe sal dit dan kom dat die Engelse van Johannesburg so sal skrik vat vir die voorspellings van siener en dan op die vlug slaan. Soos dit op geteken staan in die aantekeninge van die dogter van oom siener. Probeer kry die outspan van 6 Julie 56 dan sal u sien hoe veel die digter en skrywer Lawrence Geen in gesamel het. Daar is baie in wat verkeerd is, soos hy b.v. sê Siener het onder talle boere generaals gedien soos du Toit de Wet Beyers Kemp en delaRey. Gedurende die Engelse oorlog was siener van begin tot die end by delaRey. 1914 het genl Kemp onder siener gedien en het dit met ons noodlottig gegaan as genl Kemp siener se raad nie wou aanvaar en sy eie kop volg, dan het dit ons burgers sê bloed gekos. Omtrent die portret van siener Die negatief het verlore gegaan en as u kom sal ons dié een wat ek hier in my huis het moet laat oorneem.

U moet maar probeer u besoek bring so gou moegelik.

Met hartelike groete u Vriend

Boy Mussmann

[**Brief 6:**]

Bus 197
Foon 1712
Vryburg
2 Maart 1957

Geachte Vriend

U plan is heeltemal agtermekaar u is heeltemal nog altoos welkom.

Ek het my foon in die huis. U sal in die foonboek sien L E L Mussmann

Wat ek graag aan u wil verduidelik is:-

Die Iere spook vir algeheele onafhanklikheid. D.W.S. Ulster ingesluit. Oom Nicolaas het gesê “Die Iersemeissiekind is net ouer as ons meissiekind wat 1914 by Koppies gebore is. U weet seker dat aan die vooraand van die rebellie. genl de Wet en ander oudstryder offisiere en burgers by Koppies ‘n vergadering gehou het, en besluit om Duits Wes vir Engeland te verower dan hys ons die vierkleur en veg vir ‘n republiek. Toe sê oom Nicolaas daar is ons meissiekind gebore en na mate wat ons vorder na ‘n republiek word ons kind groter en groter en as sy opstaan en loop (selfstandig) dan kom ‘n mens se gedaante en sê. “Ons het geweeneen julle”

Ek hoop net my brief is in tyd

Beste wense

Boy Mussmann

[Brief 7:]

Bus 197
Vryburg
11 Mei 1957

Geachte Vriend!

As u hier kom en u sien die talle en talle briewe wat ek al gekry het, van belangstellendes en ook nie van mense in ons unie, maar uit Duits Wes en Rhodesië. Dan sal u sien dat ek verseker is van die feit dat ek 'n instrument is om ons volk reg in te lig. Ek het gehoor van v.d.Walt se skrywe, maar ek weet nie of dit in boekvorm uitgegee is. Wat betref Methuen kan ek jou alles alles haar vyn vertel. Oom Koos delaRey is my oom. Wat my gejaag het om so dikwils moelik na oom Klasie te gaan (100 myl) Met kar en perde en ook te perd is die bewys dat ek geweet het alles wat hy my vertel sal verwesenlik word, want ek het mos die praktiese ondervinding gehad Enig reggesinde Afrikaner wat 'n vonkie van Vryheids liefde het sal hom soos ek, dit nie beskou as 'n opoffering om die ou man te hoor sit en vertel. Daardie tyd het mense my verwyt en gesê "Jy was nou by oom Klasie en jy ry alweer" Nou dink ek self as ek nie dinge uit sy mond gehoor het mag ek twyfel Ek kom eenkeer by hom toe sê hy aan my. "Wat was jou oponthoud dat jy nie eerder gekom het, dit is vandag net 8 daë dat ek gesien het jy stan vir my en kyk voordat jy gekom het?" Toe sien ek dit is waar wat die bybel sê "Ons sondig met gedagtes woorde en werke

Die Heer maak dan aan hom bekend wat in my gemoed omgaan? Hy sê "Ek sien daar kom 'n tyd dat die wereld omgeploeg is (Dinge is baie deurmekaar) Hy sê "Dan sien ek oor dié omgeploegde grond lê 'n slang. Ek sien nie sy kop, ook nie sy stert." Net toe sien hy sit sy dogter (Anna) en skryf. Hy se "Toe weet ek as die wereld omstandigheid selfs in die kerke so deurmekaar is, dan sal die een sê, "hy (oom Klasie) het so gesê en die ander sal sê oom Klasie het so gese en niemand sal kan vasstel wat oom Klasie wel gesê het. Daarmo sien hy nie die slang se kop of stert Net toe moes Anna elke dag sê gesig neerskryf. 1916 tot sy dood. Toe hy dood is toe gee Anna aan my dié aantekeninge en sê. As oom Boy jou boek uitgee oor my pa se voorspellings. Ek wil niks hê vir die aantekeninge. Net as daar geld oor is, dan bou oom Boy op my pa se graf 'n klein monument Daarom kan niemand met my stry. Toe ek sê "As ons verwagting van die O.B. groot is dan is ons teleurstelling ook groot". Toe stuur die O.Bs generaal Smuts se speurders om dié aantekeningeboek te soek en my te interneer. Hulle het gelukkig nie die boek gekry. Toe moes die vader van die generaal my tweekeer met die vuus neerslaan in Vryburg se strate en my karnuffel. Kom en bring genl Kemp se boek "Die pad van die veroweraar saam.

Beste Wense

Jou Vriend Boy